

SOUTH AFRICA / JUDGMENT

## Ndlovu v S (CA & R 24/2010) [2010] ZANCHC 18 (28 May 2010) [2010] ZANCHC 18

COURT

Northern Cape High Court, Kimberley

BEFORE

Olivier R, Mjali WnR

CASE / FILE NUMBER

CA&R 24/2010

Source: saflii.org · Research copy typeset by Esheria. Not court-issued or certified.

IN DIE HOË HOF VAN SUID-AFRIKA

(Noord-Kaapse Hoë hof, Kimberley)

Saak No: CA&R 24/2010

Saak Aangehoor: 24/05/2010

Datum gelewer: 28/05/2010

In die saak tussen:

Zacharia Ndlovu Appellant

en

Die Staat Respondent

Coram:

Olivier R et Mjali WnR

UITSPRAAK

Olivier R:

Die appellant is in die Streekhof skuldig bevind op drie aanklagte van verkragting en een van menseroof. Hy is op die 3 aanklagte van verkragting gevonnissen tot termynen van, onderskeidelik, 15 jaar, 10 jaar en 10 jaar gevangenisstraf, en op die aanklag van menseroof is hy gevonnissen tot 5 jaar gevangenisstraf. Daar is gelas dat die vonnis van 5 jaar gevangenisstraf samelopend uitgedien word met die vonnis van 15 jaar gevangenisstraf. Die effektiewe termyn van gevangenisstraf wat opgelê is, is dus 35 jaar gevangenisstraf.

Die appellant kom nou met verlof van die Streeklanddroos in hoër beroep teen sy vonnis.

Mnr Cloete, die advokaat vir die appellant, het in sy betoogshoofde submissies gemaak tot die effek dat die erns van die misdade en die belange van die gemeenskap oorbeklemtoon is ten koste van die appellant se persoonlike omstandighede, dat verkeerdlik bevind is dat daar geen wesenlike en dwingende omstandighede was wat mindere vonnisse geregverdig het nie, dat die kumulatiewe effek van die vonnisse nie behoorlik oorweeg is nie en dat die vonnisse, en veral dan die kumulatiewe effek daarvan, skokkend en onvanpas swaar is.

Me Mabaso, die advokaat vir die respondent, het nie in haar betoogshoofde hierop gereageer nie en net een enkele punt geneem,

naamlik dat die streeklanddroos nie in hierdie geval bevoeg was om die vonnisse op te lê nie. Ek meen dat me Mabaso se submissie korrek is, en dit is ook by die aanhoor van die appèl namens die appellant toegegee.

Die klaagster is die betrokke nag nie alleen twee keer deur die appellant verkrag nie, maar ook deur sy makker onmiddellik voor die appellant. Op beide dié grondslae was die verkrachtings waaraan die appellant skuldig bevind is dus verkrachtings soos bedoel in Deel I van Bylae 2 tot die Strafrekwysigingswet<sup>1</sup>. Dit het beteken dat die appellant bloot gestaan het aan lewenslange gevangenisstraf.

Die effek van die wysiging van artikel 52 (2) van die gemelde Wet deur die Wysigingswet op Geregtelike Aangeleenthede, 62 van 2000, was dat 'n streeklanddroos in so 'n geval nie 'n diskresie gehad om die persoon 'n ander vonnis (binne die Streekhof se destydse bevoegdhede) op te lê nie, maar was dit verpligtend om dan die beskuldigde in so 'n geval na die Hoë Hof te verwys vir vonnis.

Dié wysiging het in werking getree op 23 Maart 2001, ongeveer drie maande voordat die appellant gevonnissen is, en lank nadat die misdade op 25 Desember 1998 gepleeg is.

Dit is natuurlik eers heelwat later wat streeklanddrooste, deur 'n verdere wysiging van die Strafrekwysigingswet<sup>2</sup>, toe wel die bevoegdheid ontvang het om self vonnis te oorweeg in sulke gevalle.

Dit blyk baie duidelik uit die vonnis-uitspraak, en ook uit die debat tussen die streeklanddroos en die appellant se advokaat by die bring van die aansoek om verlof tot appèl, dat die streeklanddroos verkeerdlik van oordeel was dat hy op die stadium toe die vonnisse in hierdie geval opgelê is, oor 'n diskresie beskik het om ook vonnis op te lê in die geval van verkrachting soos bedoel in Deel I van Bylae 2 tot die Strafrekwysigingswet, solank die betrokke vonnis net nie op daardie stadium die geldende strafbevoegdheid van die Streekhof sou oorskry nie.

Nie alleen was dit 'n mistasting aan die kant van die streeklandddros nie, maar die gevolg is ook dat die oplegging van die vonnisse in die onderhawige geval ultra vires die streeklandddros se bevoegdhede was, wat meebring dat al die vonnisse in die onderhawige geval nietig is 3. Dit is onnodig om die aangeleentheid na die Streeklandddros te verwys vir kommentaar op hierdie punt, aangesien dit gedebatteer is tydens die aansoek om verlof tot appèl en die Streeklandddros se houding duidelik daaruit blyk

Me Mabaso het in haar betoogshoofde aan die hand gedoen dat die aangeleentheid in terme van artikel 52(1) van die Strafwysigingswet in die Hooggeregshof terrolle geplaas word vir vonnis.

Voor 31 Desember 2007, en op die stadium toe streeklanddroste dus nie die diskresie gehad het om vonnis vir misdade soos hierdie op te lê nie en ook nie self bevoeg was om die voorgeskrewe vonnis van lewenslange gevangenisstraf op te lê nie, sou vonnisse soos die onderhawige tersydegestel word en vervang word met die bevel wat 'n streeklandddros op daardie stadium genoop sou gewees het om te maak, naamlik dat die verrigtinge gestaak word en dat die saak na die Hoë Hof verwys word vir vonnis.

Artikel 4 van Wet 38 van 2007 (wat op 31 Desember 2007 in werking getree het) het egter artikel 53 A in die Strafwysigingswet gevoeg en ingevolge subartikel (b) daarvan moet 'n streeklandddros, vanaf 31 Desember 2007 en waar 'n beskuldigde nog nie na die Hoë Hof verwys is vonnis nie, self die aangeleentheid afhandel en vonnis oplê.

Die prosedure wat voorheen in terme van artikel 52 van die Strafwysigingswet bestaan het, waar sake ná skuldigbevinding na die Hoë Hof verwys is en daardie Hof dan die vonnisverrigtinge hanteer het, bestaan nie meer nie. In die omstandighede blyk daar geen ander uitweg nie as om die onderhawige saak na die Streekhof terug te verwys vir vonnis, ten spyte daarvan dat die streeklandddros destyds nog nie bevoeg sou gewees het om die oplegging van lewenslange gevangenisstraf te oorweeg nie<sup>4</sup>. Beide advokate het uiteindelik hiermee akkoord gegee.

Sodra die vonnisse tersydegestel is, sal hierdie aangeleentheid een wees waar die streeklandddros "nie 'n beskuldigde verwys het na 'n Hoë Hof vir vonnis" nie<sup>5</sup>. Dit sal beteken dat die verrigtinge in die Streekhof in effek beskou moet word asof dit nog nie afgehandel is nie, en dat die streeklandddros dit nou moet "afhandel" soos in die gemelde bepaling bedoel.

So 'n prosedure sou nie die appellant kon benadeel nie, want hy gaan dan nou in die Streekhof blootstaan aan dieselfde voorgeskrewe vonnis as wat die geval sou gewees het as die streeklandddros destyds die saak vir vonnis verwys het.

Dit sou na my oordeel totaal gekunsteld wees om, op die basis dat 'n bevel gemaak word wat destyds gemaak moes gewees het, te gelas dat die saak na die Hoë Hof verwys word vir vonnis. Die bepaling wat daardie prosedure ten grondslag gelê het, is herroep en die prosedure bestaan glad nie meer nie.

Bygevolg word die volgende bevel hierin gemaak:

Die vonnisse wat die appellant op 18 Junie 2001 opgelê is, word tersydegestel.

Die saak word na die Streekhof terugverwys vir vonnisoplegging en afhandeling.

-----  
C J OLIVIER

REGTER

NOORD-KAAPSE

PROVINSIALE AFDELING

Ek stem saam.

G N Z MJALI

WAARNEMENDE REGTER

Nms Appellant: Adv P J CLoete

Namens: Kimberley Regshulp Sentrum, KIMBERLEY

Nms Respondent: Adv JMabaso

Namens: Direkteur van Openbare Vervolging, KIMBERLEY

1 105 van 1997

2 Wysigingswet op die Strafreg (Vonnisoplegging), 38 van 2007.

3 S v Mayisela, ongerapporteerde beslissing op appèl in die Noord-Kaapse Afdeling van die Hoë Hof onder saakno CA&R 154/04 op 15 Oktober 2004; S v Gouws, 'n ongerapporteerde beslissing op appèl in die Noord-Kaapse Afdeling van die Hoë Hof onder saakno CA&R 252/03 op 21 Oktober 2004.

4 S v Mokalaka 2010 (1) SACR 88 (GNP)

5 Artikel 53A(b) van die Strafregwysigingswet, 105 van 1997.

---

## Source & reproduction note

Judgment wording, source notices and original paragraph numbers are retained. Esheria supplies the layout and this PDF's page numbers; these are not the source pagination. This is a research copy, not an official or certified court document. Check quotations, citations and publication restrictions against the original source before relying on it.

ORIGINAL SOURCE      <https://www.saflii.org/za/cases/ZANCHC/2010/18.html>

CASE PAGE              <https://chat.esheria.ai/case-law/south-africa/ndlovu-v-s-unknown-topic-anchc-2010>

Prepared on 13 October 2026 · Esheria